**NB!!!!!!** Onthou net die kwaliteit van die fotos is verswak om gemaklik met e-pos te stuur.

**Staatsmodelskool en huis van Cullinworth. [1887]**




[DUN-01 p305]

In die middel van die foto is die kruising van Skinnerstraat en Van der Waltstraat. Op die Suid Oostelike hoek die huis van Cullingworth, oorkant Skinnerstraat op die Noord Oostelike hoek; die Staatsmodelskool, en dan huis van R.D. Collins wat ook die koshuis was. Die kerktoring in Skinnerstraat is die toring van St. Peters Church. Die pastorie van eerw. Grunberger is die tweede huis van hoek oorkant Cullingworth se huis.


Bladsy 2………

**Kaart van dieselfde kruising.**

Schoemanstr.

Skinnerstr.

Visagiestr.




Hier is ‘n brokstuk van ‘n kaart van 1899, wat later [ca 1904] hersien is.  Die strate van bo na onder is Schoemanstraat,  Skinnerstraat en Visagiestraat.  Die strate van links na regs is Andriesstraat, Van der Waltstraat en Prinsloostraat.

In Van der Waltstraat [aan die Oostekant] sien huis van Collins, Staatsmodelskool en Cullingworth se huis.  Collins se huis het gedien as koshuis vir die skool.

As ons na die grootte van die erwe kyk lyk dit asof hierdie ‘n ryk buurt was.  In [1899] het baie bekendes in Schoemanstraat gewoon [van L na R Suidekant van straat]

ANDRIESSTRAAT
T.J. Rodda
Dr. J.B. Knobel M.D.
C. Ueckerman [jun]
R.K. Loveday
Mrs. J.H. Breda
F. Steimens [ek dink dit moet wees F. Stiemens]

VAN DER WALTSTRAAT
R.C. Collins
Dr. Messum [distriksgeneesheer]
Leë huis
Karl Schell
J.C. Minnaar
[Inligting verkry uit LON-01]

Op die onderste deel van Ueckerman se grond [straataansig Skinnerstraat] is Leo Weinthal se hius Kya Rosa.

Dit was sommer net vir die interessantheid.